'N SKOOL MET 'N VISIE VIR KINDERS MET 'N MISSIE

LAERSKOOL 1904 Swellies SWELLENDAM PRIMARY

A SCHOOL WITH A VISION FOR KIDS WITH A MISSION



# Gedragskode

2024

Fairbairnstraat | Swellendam | 6740
Tel +27 (0) 28 514 1347 | ontvangs@swellies.co.za | www.swellies.co.za

# INHOUD


1. Inleiding 2
2. Swellie Waardes 2
3. Doelstellings van karakterbou- en intervensiestelsel (KBI) 3
4. Oortredings & merietes 3
    4.1 Grondslagfase 3
    4.2 Intersen fase 4
5. Algemene Reëls 6
    5.1 Klaskamer 6
    5.2 Terrein 6
    5.3 Kleredrag 7
    5.4 Rondbeweeg van leerders 9
    5.5 Selfone en elektroniese toestelle 10
6. Boeliebeleid 11
    6.1 Doelstellings van die beleid 11
    6.2 Wat is boelie? 12
    6.3 Tekens en simptome van leerders wat geboelie word 12
    6.4 Hantering van boeliegedrag 13
7. Bylae 15
    7.1 Bylaag A – Prestasie Spyskaart 15
    72. Bylaag B – Voorbeeld van korrekte skool- en sportklere 16
    7.3 Bylaag C – Aantreeplan 17

## 1. Inleiding

Die Karakterbou- en Intervensiestelsel van Laerskool Swellendam, in noue samewerking met ons waardes, streef na die daarstelling van ‘n leerlingvriendelike leer- en onderrigomgewing waarbinne:

- Elke leerling sy/haar volle potensiaal kan ontwikkel en uitleef.
- Leerlinge selfdissipline aanleer en kweek.
- Alle leerlinge en opvoeders wedersydse respek vir mekaar, die omgewing en die gemeenskap handhaaf.
- Alle vorme van diskriminasie aangespreek en verbied word.
- Ontwrigtende gedrag uitgeskakel word.

Die Karakterbou- en Intervensiestelsel vervat die reëls en duidelike riglyne vir die gedrag van leerlinge van die skool en beskryf die protokol wat gevolg behoort te word in die geval van ontoelaatbare optrede. Die Karakterbou- en Intervensiestelsel geld vir alle leerlinge van die skool tydens skoolure, sportaangeleenthede en/of enige geleentheid waar leerlinge die skool verteenwoordig.

**Geen dissiplinêre optrede sal in stryd wees met Afdeling 8, 9 en 10 van die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 of die menswaardigheid van die individu aantas nie.**

## 2. Swellie Waardes

Die karakterbou- en intervensiestelsel van ons skool, sowel as die toepassing daarvan, is gegrond in ons waardes. Die waardes van ons skool is ‘n samestelling van wat ons leerders, onderwysers en ouers voel is belangrike boustene van ‘n gesonde jong mens in ons gemeenskap.

- Liefde : Swellies poog om te alle tye in liefde op te tree teenoor hul medemens, skool en omgewing. Met ‘n glimlag, sagte hart en helpende hand sal ons streef daarna om ons plek in die gemeenskap doelgerig vol te staan.
- Respek : Swellies hanteer hulself, hul medemens, hul skool en die natuurlike omgewing te alle tye met die hoogste agting en respek. Wedersydse agting is ononderhandelbaar en Swellies het begrip en deernis vir alle mense wat deel vorm van ons gemeenskap. Dit skep ‘n atmosfeer van samewerking en verdraagsaamheid.
- Verantwoordelikheid : Swellies besef wat hulle plek in ons skool, gemeenskap en land is, en aanvaar die verantwoordelikhede wat daarmee saamgaan met ywer en integriteit. Ons is tesame hiermee opgewonde oor ons pad vorentoe en besef ons verantwoordelikheid as rolspeler om ‘n beter toekoms vir almal in ons gemeenskap en land te bewerkstellig.
- Omgee : Swellies openbaar ‘n leefstyl van omgee, wat ons in elke situasie met alles en almal waarmee ons te doen kry ten toon stel. Dit behels dade van vriendelikheid, deel en hulp, wat ‘n positiewe en empatiese atmosfeer binne die skool kweek. Ons glo dat sukses sonder verhoudinge onmoontlik is en besef dat omgee die hoeksteen van elke gesonde verhouding is.

## 3. Doelstellings van die karakterbou- en intervensie stelsel (KBI)

- Die doel van Karakterbou- en Intervensie Stelsel is die kweek van selfdissipline by elke leerling.
- Optrede moet fokus op die regstelling van ongewensde gedrag en nie op vergelding nie.
- Die aanleer en bevordering van selfbeheersing in situasies wat aanleiding gee tot aanstootlike gedrag, word bevorder.
- Die handhawing van deeglike en gereelde kommunikasie met die ouer/voog van die leerling t.o.v. ‘n gesamentlike poging tot die opvoeding van die leerling se waardes en karakter word beoog.
- Die duidelike daarstelling van reëls vir die leerling sowel as die protokol vir die opvoeder in die geval van ongewensde optrede deur leerlinge word uiteengesit.
- Dit poog om ‘n veilige, gemaklike leeromgewing te skep.
- Dit beloon en promoveer positiewe en voorbeeldige gedrag.

## 4. Oortredings & merietes

**4.1 Grondslagfase**

Elke Juffrou se kriteria verskil. Dit is die Juffrou se voorreg om leerders te beloon na goed denke. Die volgende word in aanmerking geneem:

i) Wanneer verdien jy ‘n✯?

- Wanneer jy optree soos ‘n ware Swellie deur respek en liefde te toon, om te gee vir ander en jou verantwoordelikhede na te kom.
- Wanneer jy die klasreëls gehoorsaam.
- Wanneer jy ‘n akademiese toekenning ontvang.
- Wanneer jy uitsonderlike werk gelewer het in jou boeke.

<u>ii) Beloning</u>

- Na 5✯’e mag leerder vroeër verdaag op ‘n Vrydag. (12:15 of met aanbreek van tweede pouse) Ouers word ingelig per brief.
- Na 10✯’e mag leerder vroeër verdaag op ‘n Vrydag (12:15 of met aanbreek van tweede pouse) en ontvang ‘n WOW-sertifikaat in die saal. Ouers word ingelig per brief.
- Na 15✯’e mag leerder vroeër verdaag op ‘n Vrydag (12:15 of met aanbreek van tweede pouse) en ontvang ‘n geskenkbewys in die saal. Ouers word ingelig per brief.

iii) Wanneer ontvang jy ‘n ●?

- Wanneer jy nie optree soos ‘n ware Swellie nie. Jy is ongehoorsaam en die klas- en skoolreëls word verontagsaam.
- Jy toon nie respek en liefde teenoor maats en eiendom van skool nie.
- Jy gee nie om vir ander en die skool se eiendom nie.
- Jy kom nie jou verantwoordelikhede na nie.

iv) Straf

- Na 5 ● 'e Ouers kom jou sien saam met jou sodat jy vertel wat fout is en beide Juffrou en Ouers jou kan help.
- Na 10 ● 'e Ouers kom kantoor toe saam met jou sodat jy kan vertel hoekom jou gedrag nie verbeter nie.
- Na 15 ● 'e Dit is nou tyd dat die Beheerliggaam ingelig moet word van jou swak gedrag en teenoor jou optree.

**N.S. Geen ster word uitgekanselleer met 'n kol, of anders om, nie.**

**4.2 Intersen fase**

Die KBI werk op 'n praktiese vlak met boupunte en breekpunte wat toegeken kan word aan elke leerder. Hierdie vorm dan deel van die leerder se dissiplinêre rekord.

i) Boupunte

- Indien 'n leerder 10 boupunte behaal, ontvang hy/sy 'n Swellie Buck.
- Hierdie Buck kan dadelik gebruik word, of gespaar word.
- Vir elke 10 boupunte wat die leerder daarna verdien, sal hy/sy weer 'n Swellie Buck ontvang.
- Hierdie Swellie Bucks kan gebruik word om sekere items of voordele te koop, soos uiteengesit in die Prestasie Spyskaart (bylaag A).

ii) Breekpunte

- Indien 'n leerder 5 breekpunte behaal (-5), sal 'n kennisname brief aan die ouer gestuur word, waarna die skool verwag dat die ouer dit met die leerling bespreek en dan die brief geteken terug stuur skool toe.
- Indien 'n leerder 8 breekpunte behaal (-8), sal die leerder moet detensie sit.
- Die leerder ontvang 'n detensiebrief, wat huis toe moet gaan sodat die ouer kan kennis neem van die leerder se volgehoue swak gedrag, en wat dan geteken terug gestuur moet word.
- Detensie sal plaasvind tydens 1ste pouse in die klas van daardie week se detensie toesighouer.
- Indien 'n leerder sonder verskoning nie opdaag by detensie nie, sal die proses herhaal en verleng word.
- Indien 'n leerder 15 breekpunte behaal (-15), sal daar 'n brief aan die ouers gaan waarin hulle genooi word om skool toe te kom, sodat die onderwyser en dissipline-hoof die leerder se pad vorentoe met hulle kan bespreek en daar op 'n strategie of moontlike oplossing ooreengekom kan word.
- Indien 'n leerder 25 breekpunte behaal (-25), sal die leerder, tesame met sy ouers, voor die Skool Beheerliggaam se dissiplinêre komitee verskyn.
- Hierdie komitee sal dan die dissipline prosedures volg soos uiteengesit in die SBL se dissipline beleid.
- **Boupunte en breekpunte word NIE bymekaar getel vir 'n gesamentlike 'balans' nie, maar is twee aparte sisteme.**

## Optredes wat lei na boupunte

| | | |
|---|---|---|
| Liefde | Verdraagsaamheid | Leierskap |
| Respek | Mededeelsaamheid | Voorbeeldigheid |
| Eerlikheid | Hulpvaardig | Bedagsaamheid |
| Toewyding | Omgee | Goeie maniere |
| Integriteit | Geloof | Selfdissipline |
| Goeie keuses | Vriendelikheid | Pligsgetrou |
| Stiptelikheid | Geduld | Hardwerkend |
| Uithouvermoë | Verantwoordelikheid | Netheid |
| Selfbeheersing | Dankbaarheid | Dapperheid |
| Gehoorsaamheid | Goedhartigheid | Kwaliteit werk |

## Vlakke van oortredings

<table>
<tr><th>Vlak 1 (-1)</th><th>Vlak 2 (-2)</th><th>Vlak 3 (-3)</th><th>Vlak 4 (-5)</th><th>Vlak 5 (-8)</th></tr>
<tr><td>Vergeet goed</td><td>Oneerlikheid</td><td rowspan="3">“Bunk” of verlaat klas sonder toestemming</td><td rowspan="3">Pornografie of onvanpaste kykstof</td><td>Rook by skool</td></tr>
<tr><td>Eet in klas</td><td rowspan="2">Baklei/ Handgemeen</td><td>Dwelm gebruik</td></tr>
<tr><td>Selfoon by skool</td><td>Alkohol gebruik</td></tr>
<tr><td>Slordigheid</td><td>Vloek- of skeltaal</td><td>Boelie / spot</td><td rowspan="2">In besit van verbode items</td><td rowspan="4">In besit van gevaarlike voorwerpe of wapens</td></tr>
<tr><td>Laat kom</td><td>Diefstal</td><td>Straf ignoreer</td></tr>
<tr><td>Gesels in klas</td><td rowspan="2">Herhaling van vlak 1</td><td rowspan="2">Nie opdaag vir detensie</td><td>Aanranding</td></tr>
<tr><td>Ongehoorsaamheid</td><td rowspan="2">Afknou of boeliegedrag</td></tr>
<tr><td>Rommel strooi</td><td>Intimidasie</td><td>Kuberoortreding</td><td>Ontbloting</td></tr>
<tr><td>Kleredrag verkeerd</td><td rowspan="2">Ignoreer gesag of direkte opdrag</td><td rowspan="2">Herhaling van Vlak 2 oortreding</td><td>Vandalisme</td><td rowspan="2">Seksuele oortreding</td></tr>
<tr><td rowspan="2">LR pligte nie nagekom nie</td><td rowspan="2">Rassisme en diskriminasie</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Identiteits oortreding</td><td rowspan="2">Beskadig ander se eiendom</td><td></td></tr>
<tr><td rowspan="2">Huiswerk nie gedoen nie</td><td></td><td></td></tr>
<tr><td rowspan="2">Onverantwoor-delike gedrag</td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
</table>

## 5. Algemene reëls

**5.1 Klaskamer**

- Die opvoeder van die klas waarin die leerder homself of haarself bevind is die leidende gesagsfiguur en stel die klasreëls vas.
- Daar word van alle leerders verwag om hierdie klasreëls te volg.
- Leerders moet te alle tye hul optrede in lyn met ons Swellie-waardes hou.
- Die KBI word op ‘n daaglikse basis in die klas toegepas.
- Leerders moet te alle tye hul opvoeder, klasmaats en klaskamer met respek hanteer.

**5.2 Terrein**

i) Balspele

- Indien ‘n bal oor die heining van die skool beland, mag geen leerling die skoolterrein verlaat om dit te gaan haal nie. Rapporteer dit onmiddellik by die opvoeder op terreindiens indien ‘n verbyganger dit nie vanself terug besorg nie.
- Ruite of enige ander skooleiendom wat beskadig word, moet gerapporteer word.

ii) Verlaat van skoolterrein

- Leerlinge mag onder geen omstandighede, sonder die toestemming van die kantoor of sonder die teenwoordigheid van ‘n ouer/voog, die skoolterrein verlaat nie.
- Indien leerlinge die skool vroeër moet verlaat, moet die betrokke ouer/ voog die skool vroegtydig in kennis stel deur die kantoor te kontak, en moet die leerder uitgeteken word by ontvangs.
- Leerlinge moet te alle tye vergesel word deur ‘n opvoeder in die geval waar die terrein verlaat word, soos bv. na sportgronde of tydens L.O.-periodes.

iii) Vreemdelinge en besoekers

- Leerlinge mag nooit met vreemdelinge buite of binne die skoolterrein gesels nie.
- Alle vreemdelinge en besoekers moet by ontvangs aanmeld.
- Wees op die uitkyk vir enige vreemdeling wat doelloos ronddwaal en rapporteer dit onmiddelik aan ‘n opvoeder en/of die kantoor.

iv) Leerlinggedrag

- Swellies moet die feit dat ons almal verskil en verskillende voorkeure het, respekteer. Leerlinge mag dus niks doen wat ander steur, seermaak of negatief beïnvloed nie.
- Groter leerlinge mag nie kleiner leerlinge afknou, hulle eiendom en geld vat, of intimideer om verkeerde goed te doen nie.
- Rapporteer enige bogenoemde gedrag onmiddelik aan ‘n opvoeder.

**L.W. Indien ‘n leerling bewus is van enige bogenoemde gedrag en dit nie rapporteer nie, is hy/sy net so skuldig aan die oortreding.**

**5.3 Kleredrag**

i) Skooldrag:

- Skooldrag moet altyd netjies en skoon vertoon.
- Skoolhemde moet ingesteek wees.
- Skoene moet skoon wees.
- Skoolklere moet te alle tye knope hê en toe geknoop wees wanneer dit gedra word.
- Sweetpakbaadjies mag nie in die hand of oor die skouer gedra word nie. Indien die baadjie nie gedra word nie, moet dit in 'n sak gebêre word.
- Indien enige probleem ervaar word t.o.v. skooldrag, wat byvoorbeeld verlore is, moet die ouer/voog die skool skriftelik in kennis stel.
- Geen handskoene, mussies of privaat drag word toegelaat nie.

| | Seuns | Dogters |
|---|---|---|
| Somer | Dinsdae tot Donderdae:<br>• Amptelike Swellie-gholfhemp en blou Swellie-broek<br>• Kaalvoet, Swellie-plakkies of sport tekkies.<br>Maandae en Vrydae:<br>• Kort of lang grys skoolbroek.<br>• Wit skoolhemp<br>• Lang, grys skoolsokkies.<br>• Swart skoolskoene<br>• Skooltrui<br>• Sweetpakbaadjie<br>• Kaalvoet of plakkies | Dinsdae tot Donderdae:<br>• Amptelike Swellie-gholfhemp en blou Swellie-broek<br>• Kaalvoet, Swellie-plakkies of sporttekkies.<br>Maandae en Vrydae:<br>• Blou skoolrok<br>• Wit skoolhemp<br>• Wit skoolsokkies (NIE Swellies sokkies nie)<br>• Swart skoolskoene<br>• Skooltrui<br>• Sweetpakbaadjie<br>• Kaalvoet of plakkies |
| Winter | Dinsdae tot Donderdae:<br>• Amptelike Swellie-gholfhemp en blou Swellie-broek<br>• Sporttekkies.<br>• Skoolsweetpak<br>• Reenbaadjie op reëndae, bo-oor Sweetpakbaadjie.<br>Maandae en Vrydae:<br>• Lang, grys skoolbroek.<br>• Wit skoolhemp<br>• Lang, grys skoolsokkies<br>• Swart skoolskoene<br>• Skooltrui<br>• Sweetpakbaadjie<br>• Reënbaadjie op reëndae, bo-oor Sweetpakbaadjie. | Dinsdae tot Donderdae:<br>• Amptelike Swellie-gholfhemp en blou Swellie-broek<br>• Sporttekkies.<br>• Skoolsweetpak<br>• Reënbaadjie op reëndae, bo-oor Sweetpakbaadjie<br>Maandae en Vrydae:<br>• Blou skoolrok<br>• Wit skoolhemp<br>• Lang, swart kouse<br>• Swart skoolskoene<br>• Skooltrui<br>• Sweetpakbaadjie<br>• Reënbaadjie op reëndae, bo-oor Sweetpakbaadjie |

ii) Sportdrag:

- Slegs skool-sportdrag tydens sportbyeenkomste.
- Leerlinge moet te alle tye netjies vertoon.
- "Plakkies" word toegelaat saam met sportdrag maar NIE saam met sweetpakke nie.
- Sonbrille (wat nie voorgeskryf is nie) en vreemde pette en hoede word nie tydens sportgeleenthede toegelaat nie.
- Indien 'n leerder semi-provinsiale-, provinsiale of nasionale kleure in 'n sport verwerf het, mag hulle op Woensdae hul klere skool toe dra.
- Bogenoemde reël geld NIE vir skoolsportwedstryde nie.
- Bogenoemde klere moet steeds in lyn wees met die skool se gedragskode.

iii) Gewone klere dae

- Wanneer leerders gewone klere dra, moet alle reëls t.o.v. hare, juweliersware en algemene netheid gevolg word.
- Geen leerder mag 'n uitrusting skool toe dra waar hulle middellyf ontbloot is nie.
- Geen uitrusting mag gedra word waar die leerder se onderklere uitsteek nie, insluitend "tights".
- Geen klere met onvanpaslike slagspreuke of prente mag gedra word nie.

iv) Hare, juweliersware en algemene netheid

- 'n Basiese beginsel van netheid geld vir alle leerders.
- Leerders se voorkoms mag nie vir hom/haar of ander leerders in die klas 'n steurnis wees nie.
- Hare moet ten alle tye netjies en skoon wees.
- Hare mag nie enige leerder se visie of gehoor belemmer in die klas nie (niks oor die oë of ore nie).
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Alle lang hare moet vasgemaak word; hare word as 'lank' geklassifiseer indien dit aan die leerder se kraag raak.
- Meisies mag slegs navy en wit rekkies, knippies of kopbande in hul hare gebruik om dit vas te maak.
- Haar linte mag rooi, navy of wit wees.
- Geen juweliersware mag gedra word nie, slegs polshorlosies of mediese armbandjies.
- Meisies mag slegs een goue of silwer oorbel knoppie per oor dra.
- Swellie oorbelle, wat by die Swellie klerewinkel aangekoop kan word, is ook toelaatbaar.
- Alle leerders se naels moet kort, netjies en skoon wees, sonder enige naellak.
- Geen grimering word toegelaat nie.
- Daar sal twee keer 'n kwartaal 'n volledige netheidsinspeksie gedoen word om seker te maak alle leerders voldoen aan die gedragskode se kleredragbeleid.
- Alle reëls soos uiteengesit in die afdeling "5.3 Kleredrag", is ook van toepassing op leerders wat die skool verteenwoordig op enige skooluitstappie of toer.

L.W. In die geval waar 'n probleem, behoefte of tekort aan die amptelike skool- of sportdrag ontstaan, moet die betrokke ouer/voog die skool in kennis stel. Die klasopvoeder teken 'n brief van die ouer. Die skool kan moontlik hulp verleen of grasie toestaan.

**5.4 Rondbeweeg van leerders**

i) Rye - voor skool en na pouses

- Indien die klok lui moet alle leerders onmiddellik en doelgerig na hulle rye beweeg.
- Met die lui van die tweede klok moet alle leerders reeds ordelik in hulle rye wees.
- Alle leerders tree aan op gegewe plekke, soos uiteengesit deur die aantreeplan (bylaag B).
- Geen pratery, spelery of geëet sal toegelaat word in die rye nie.
- Geen klas sal verdaag indien die onderwyser nie teenwoordig is nie.
- Indien ‘n klas Kuns, Dans, IT of LO na pouse het, moet daardie onderwyser hul klas by die rye kom afhaal.
- In die geval van reëndae, moet leerders nie in hul rye aantree nie, maar direk na hul klasse beweeg en orderlik buite hul klasse aantree.

ii) Rye - aantree, instap en verdaag van saal

- Alle klasse beweeg op die aangeduide tyd vanaf hul klasse na die saal en tree aan op hul gegewe plek soos uiteengesit deur die aantreeplan (bylaag B).
- Leerders mag nie na die saal beweeg indien hul nie vergesel word deur ‘n onderwyser nie.
- Leerders beweeg eers by die saal in indien al die klasse teenwoordig en ordelik is, en die leerlingraad reeds hulle plek ingeneem het.
- Die saal word dan graad vir graad van agter af volgepak.
- Die saal verdaag weer in dieselfde volgorde, ordelik in rye en onder toesig van die personeel.
- **Geen leerder mag deur die voorportaal beweeg na die saal nie, tensy dit reën.**

iii) Klasse wissel en verdaag vir pouse/einde van dag

- Klasse sal eers verdaag as klok gelui het.
- Geen kinders mag in die gange wees voor die klok gelui het nie.
- Leerders wat klasse wissel stap LINKS tot by hul klas, en tree dan aan teen die muur waar hul stap.
- Alle grade gebruik hul gegewe uitgange, dieselfde soos in die oggende.
- Graad 1 verdaag by hul gangdeure uit, en word dan vergesel deur hul onderwysers, deur vierkant by saal, langs rietkamp verby tot aan voorkant van skool.
- Graad 2 verdaag by hul onderste gangdeur uit, en kinders beweeg dan agter die personeelkamer om na die voorste hek.
- Graad 3 leerders verdaag uit by die gangdeur langs snoepie, en beweeg dan langs die rietkamp verby na parkeerarea.
- Graad 4 & 6 leerders verdaag by hul deur uit, en moet buitenste badkamerdeure gebruik.
- Graad 7 & 5 leerlinge verdaag by hulle deur uit.
- In die geval van reëndae, moet leerders nie in hul rye aantree nie, maar direk na hul klasse beweeg en orderlik buite hul klasse aantree.

**Indien ‘n ouer wil aansoek doen vir afwyking van enige van die algemene reëls, insluitend die kleredrag reëls, moet ‘n skrywe met sorgvuldige motivering aan die SBL gestuur word, waar hulle dan hulle diskressie sal gebruik en elke aansoek op sy meriete hanteer.**

iv) Beweging in gange

- Geen leerder mag in die gange wees tydens pouse, voor- of na skool nie.
- Tasse word voor skool in die rye gesit en buitedeure van badkamers word gebruik.
- **Geen leerders word toegelaat om in die gange rond te beweeg in klastyd sonder die toestemming van die onderwyser waar hy/sy op daardie oomblik is nie.**
- Indien toestemming vanaf onderwyser verkry is, moet leerders ‘n “gangsleutel” by hulle hê.
- GEEN leerder mag sonder onderwysertoesig in die kombuis of personeelkamer wees nie.
- Geen leerder mag sonder die toestemming van ‘n onderwyser na die adminblok gaan nie.
- Indien ‘n leerder begin siek voel gedurende die skooldag, moet hy/sy dit aanmeld by hul registeronderwyser, en slegs dan met die onderwyser se toestemming mag hulle na die adminblok beweeg om hul ouers te skakel.
- Die leerder moet dan met ‘n gangsleutel na die adminblok kom, en sy direkte ouer of voog moet hom/haar kom afhaal en uitteken by die adminblok.
- Geen medikasie mag deur die skool aan leerders toegedien word nie.
- In die geval van reëndae, word kinders aangemoedig om pouse in die gange te spandeer, waar daar onderwysertoesig sal wees.

vi) Badkamer protokol

- Geen leerder mag tydens rye, saal of klastyd die badkamer besoek sonder onderwyser se toestemming nie.
- Indien die klok lui vir die begin van die dag/einde van pouse, moet leerders onmiddellik by rye aantree, nie dan vinnig na badkamer gaan nie.
- LEERDERS MOET VOOR SKOOL EN TYDENS POUSES DIE BADKAMERS BESOEK!
- Kinders sal nie toegelaat word om tydens klastyd badkamer toe te gaan nie, tensy ‘n noodgeval ontstaan of daar ‘n mediese kondisie bestaan.
- In die geval van siekte, moet die leerder ‘n doktersbrief by die registeronderwyser indien.
- Indien ‘n leerder wel toestemming kry om te gaan, moet hulle ‘n “gangsleutel” by hul hê.
- **In so ‘n geval, mag daar slegs een kind op ‘n slag gestuur word.**
- Tydens pouses word slegs die onderste badkamers gebruik, en leerders moet die buitedeure gebruik.
- Leerders sal nie toegelaat word om tydens pouse, voor skool of na skool te sit en “kuier” in die badkamers nie, asook nie die ingange tot badkamers nie.

**5.5 Selfone en elektroniese toestelle**

- Geen leerder mag ‘n selfoon, tablet, skootrekenaar of kamera by hulle hê gedurende skoolure nie.
- Geen leerder mag ‘n slimhorlosie wat as ‘n kommunikasietoestel dien gerbuik tydens skoolure nie.
- Leerders mag gevra word om slimhorlosies af te haal tydens formele assesserings.
- Indien daar uitsonderings ontstaan waar leerders wel hierdie toestelle mag skool toe bring, sal die onderwyser dit direk so aan die ouer en graadhoof kommunikeer.
- Indien daar ‘n ander scenario ontstaan waar ‘n leerder ‘n toestel moet skool toe bring, moet die ouer direk met die registeronderwyser kontak maak, wat dit dan sal bespreek met die graadhoof.
- In die geval van skooltoere en uitstappies, sal die toerorganiseerder duidelike reëls aan leerders deurgee i.v.m. elektroniese toestelle.

## 6. Boeliebeleid

Die Laerskool Swellendam verstaan en erken dat boelie ʼn internasionale probleem is wat geen perke ken nie.
Die skool poog om ʼn holistiese positiewe omgewing te skep waarin elke leerder veilig voel. Hierdie omgewing moedig persoonlike groei aan, kweek gesonde interpersoonlike verhoudings, bevorder welstand en poog om leerders te beskerm teen boelie/ afknouery en mishandeling. Daarom word boeliegedrag as ʼn ernstige oortreding gesien en sal dit nie geduld word nie. Laerskool Swellendam verbind ons dus tot hierdie Boeliebeleid en aanvaar die verantwoordelikheid om tot die beste van ons vermoëns op te tree teen enige vorm van boeliegedrag.

**Elke leerder van Laerskool Swellendam het die reg om:**
· Veilig te wees en sonder vernedering of vrees te leer.
· Gelukkig en vry te wees om met vriende te speel.
· Ingesluit te word in klaskamer- en speelgrondaktiwiteite.
· Gerespekteer te word.
· Te leer hoe om konflik op ʼn beleefde wyse op te los.
· Te vra dat boeliegedrag gestop moet word en te vra vir hulp indien dit nie gebeur nie.

**Elke leerder van Laerskool Swellendam het die verantwoordelikheid om:**
· Vriendelik en met respek teenoor ander op te tree sonder om te diskrimineer.
· Met ander saam te werk in skoolaktiwiteite.
· Aan die skool se prosedures deel te neem wanneer konflik opgelos word.
· Boeliegedrag aan te meld.

### 6.1 Doelstellings van die beleid

- Om die skool se gedragskode, ander skoolreëls, beleide en programme te ondersteun om sodoende ʼn veilige, vriendelike omgewing van omgee vir alle leerders te skep sodat hulle in ʼn ontspanne en veilige atmosfeer kan leer.
- Om ʼn klimaat te skep waarin leerders ingelig is sodat hulle alle vorms van boeliegedrag (afknouery) verstaan en bemagtig word om daarteen op te tree.
- Om leerders en ouers te verseker dat hulle ondersteun sal word wanneer boeliegedrag aangemeld word.
- Om boeliegedrag van enige aard deurlopend en effektief met ʼn benadering van geen verdraagsaamheid te hanteer.
- Om te verseker dat leerders, ouers en personeel ten volle ingelig is oor die boeliebeleid en -prosedures en ʼn produktiewe vennootskap aan te moedig.
- Om alle personeellede en ouers bewus te maak van hulle rol in die vestiging van kennis en opvattings wat respek bevorder, asook in die ontmoediging van opvattings en praktyke wat bydra tot afknouery, lae selfbeeld en -vertroue.

**6.2 Wat is "boelie?"**

Om ander te boelie is opsetlike en voortdurende aggressiewe, onvriendelike en onbeleefde gedrag met die doel om 'n ander persoon fisies of emosioneel seer te maak. Dit veroorsaak pyn en ongemak by die slagoffer.

Boeliegedrag word geopenbaar as 'n individu of groep nie ophou met die afknouery wanneer hy/sy gevra word nie.

<u>i) Boelie kan die volgende insluit:</u>

| | | |
|---|---|---|
| a) | Emosioneel: | uitsluiting, die beïnvloeding van ander om nie van iemand te hou nie, om iemand belaglik te maak, om iemand te probeer domineer. |
| b) | Fisiek: | stamp, skop, klap, vuisslaan of enige ander gebruik van geweld. |
| c) | Rassisties: | rassistiese aanmerkings, graffiti, gebare. |
| d) | Seksueel: | ongewensde liggaamlike kontak, seksueel-afbrekende aanmerkings. |
| e) | Homofobies: | weens die aard van, of fokus op die saak van seksualiteit. |
| f) | Verbaal: | die noem van name, sarkasme, versprei van stories, tergery, vuil taalgebruik, dreigemente. |
| g) | Kuber: | hou verband met die misbruik van internet, e-pos, selfoon, sosiale media, misbruik van tegnologie (bv. kamera- en videofasiliteite). |

**6.3 Tekens en simptome van leerlinge wat geboelie word.**

'n Kind kan deur sekere gedragstekens aandui dat hy of sy geboelie word. Volwassenes moet bewus wees van hierdie moontlike tekens en hulle moet ondersoek instel indien 'n kind:

- weier om skool toe te gaan.
- verskonings uitdink om nie skool toe te gaan nie, bv. siekte.
- baie gespanne, bang en ongelukkig is na skool.
- daarvan praat dat hy/sy skool haat.
- bloukolle en/of skrape en/of snye het.
- noem dat hy/sy nie vriende het nie.
- weier om die ouers te vertel wat by die skool gebeur.
- sukkel om snags te slaap.
- senuweeagtig is wanneer 'n ander kind naderkom.
- bang is om nuwe mense te ontmoet of nuwe dinge te probeer.
- teruggetrokke en gespanne word en min selfvertroue het.
- dreig om selfmoord te pleeg of weg te loop; pogings aanwend om dit wel te doen.
- skielik swak vaar op skool; daling in punte.
- baie honger by die huis aankom (geld/pousekos gesteel).
- aggressief, ontwrigtend of onredelik word.
- ander kinders of susters/broers begin afknou.
- ophou om te eet.
- bang is om te sê wat fout is.

- ontoereikende antwoorde op enige van bogenoemde verskaf.
- bang is om die internet of selfoon te gebruik.
- senuweeagtig en kriewelrig is wanneer 'n kuberboodskap ontvang word.
- persoonlike besittings van die kind beskadig/gesteel is.

**6.4 Hantering van boeliegedrag**

Indien daar 'n eenmalige voorval is, word dit nie normaalweg as boelie beskou nie (geïsoleerde insident), maar eerder 'n oortreding van skoolreëls en die leerder se regte en verantwoordelikhede by die skool. Dit word dan dus ook hanteer volgense die gedragskode.

Indien hierdie optrede wel aanhoudend plaasvind teenoor dieselfde individue of groepe, word dit geklassifiseer as boeliegedrag.

Indien boeliegedrag plaasvind, moet leerders, ouers en personeel die volgende roete volg om die insident te hanteer:

<u>Leerling padkaart:</u>
1. SBG – Skree SGB (Stop Boelie Gedrag!)
2. Rapporteer aan opvoeder (Rye / klas/ terreindiens).
3. Boelieboks – indien die slagoffer nie die vrymoedigheid het om dit te rapporteer nie.
4. Indien probleem voortduur, kontak ouers die skool.

<u>Ouer padkaart:</u>
1. Kontak onmiddellik en eerstens die klasopvoeder.
2. Monitor die situasie en kind vir voortgesette boeliegedrag.
3. Indien probleem voortduur, kontak weer die klasopvoeder wat dan die dissiplinehoof betrek en die saak ondersoek en/of na die skoolhoof verwys.

<u>Opvoeder padkaart:</u>
1. Tree dadelik op.
2. Hanteer die saak met sensitiwiteit.
3. Kinders moet nie onnodig blootgestel word of verneder word nie.
4. Moenie die saak afmaak as "nie belangrik nie".
5. "Audi alteram partem" - Luister na alle partye betrokke.
6. Dokumenteer die gebeure.
7. Indien die probleem voortduur, rapporteer aan dissiplinehoof wat dan die ouers sal betrek.
8. Monitor vir voortgesette boeliegedrag.
9. Indien die probleem steeds voortduur, verwys weer na die dissiplinehoof wat dan die skoolhoof sal betrek.

Hoe hanteer ons die betrokke partye:

By LAERSKOOL SWELLENDAM glo ons dat alle boelieverwante insidente met groot sensitiwiteit hanteer moet word. Die leerders sal individueel ondervra word en beide die boelie en die slagoffer sal met sorg hanteer word. Die regte van beide partye sal te alle tye beskerm word. Die behoeftes van beide individue sal oorweeg en aangespreek word.

i) Die Boelie:

Die Klasonderwyser, die Dissiplinêre Hoof en Skoolhoof moet vorige gevalle ondersoek en voorstelle maak vir verdere optrede (bv. skoolberader,sielkundige, gedragsontleder). Vergaderings met ouers sal gereël word om bystand te verleen om die leerder te hanteer. Aanbevelings sal aan ouers gemaak word wat betref verdere ingryping en die hantering van die leerder tuis en by die skool. Indien straf oorweeg word, sal die Departementshoof en Skoolhoof dit hanteer en met die ouers kommunikeer.

ii) Die Slagoffer:

Die Klasonderwyser, die Dissiplinêre Hoof en Skoolhoof moet ondersoek hoe lank die afknouery al aangaan. Die insident sal deeglik ondersoek word en die behoeftes van die slagoffer sal oorweeg word. Hierdie behoeftes sal aan die ouers gekommunikeer word en daar moet dan gesamentlik besluit word op die hantering daarvan. Indien berading voorgestel word, moet die skoolberader genader word om hulp te verleen. Die ouers kan dalk advies van buite die skool wil inwin, waarop hulle geregtig is, solank as wat die skool gereeld ’n verslag ontvang wat inligting verskaf oor die vordering van die saak.

iii) Die Ooggetuie:

Die Klasonderwyser, die Dissiplinêre Hoof en Skoolhoof stel ondersoek in. Inligting word ingesamel vanaf die ooggetuie oor die betrokke voorval.
Indien enige ooggetuie getraumatiseer is, sal die nodige ondersteuning aan hulle gebied word. Indien dit nodig is sal ’n groepsgesprek plaasvind waar dit nodig is.

# 7. Bylae

## 7.1 Bylaag A – Prestasie Spyskaart

### Swellies Prestasie Spyskaart

Wanneer 'n leerder 10 boupunte behaal het, sal hy/sy 'n Swellie Buck (SB) ontvang, en kan dit op enige van die volgende spandeer:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | 1 groot sjokolade | 1 SB |
| 2. | R25 snoepie koopbewys | 1 SB |
| 3. | Gewone klere op enige dag | 1 SB |
| 4. | Gaan lees boek vir 'n GF-klas | 1 SB |
| 5. | Selfie van jou/vriende op skool se sosiale media | 1 SB |
| 6. | Vroeg verdaag op 'n Vrydag (2de pouse) | 2 SBs |
| 7. | Sit op die verhoog tydens saalperiode | 2 SBs |
| 8. | 2 kaartjies vir enige Swellie-vertoning | 2 SBs |
| 9. | Musiek van jou keuse tydens 'n pouse | 2 SBs |
| 10. | Buspas (kan enige sitplek in 'n skoolbus kry vir res van jaar) | 2 SBs |
| 11. | Melkskommel saam met 'n onderwyser | 3 SBs |
| 12. | Koffie in die personeelkamer | 3 SBs |
| 13. | Mag 3 afkondigings maak op interkom | 3 SBs |
| 14. | Kan 'n Swellie-waterbottel koop | 3 SBs |
| 15. | Gooi 'n onderwyser met waterbalonne | 3 SBs |

**7.2. Bylaag B – Voorbeeld van korrekte skool- en sport klere**

**Skoolklere Seuns Somer**



**Skoolklere Meisies Somer**



**Skoolklere Seuns Winter**



**Skoolklere Meisies Winter**



**Sportklere Somer**



**Sportklere Somer**



**Sportklere Winter**



**Swellies haarlinte**



**Swellies oorbelle**



**7.3 Bylaag C – Aantree plan**

